Skool-Visie
Laerskool A.G. Visser se visie is om met uitnemendheid waardegerigte leerders te help ontluik deur hulle talente in hulle moedertaal Afrikaans, te ontdek en te ontwikkel.

JAARTEMA 2021
"Waar die avontuur begin om jou talente te ontgin"

Privaatsak X1
Rensburg
1439
Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: agvisser@worldonline.co.za
www.agvisser.co.za

OMSENDBRIEF 2021-3

12 April 2021

Beste ouer / voog

Op 20 April 2021 gaan Laerskool AG Visser deel wees van 'n veiling by die naby geleë veilingskrale. Hierdie gaan 'n wonderlike fondsinsamelingsgeleentheid wees. Ons skool kry 'n persentasie van die kommissie.

LOSGOED VERKOPE

Daar gaan ook 'n losgoed veiling wees waar u die geleentheid gebied word om bietjie ontslae te raak van al die oortollige goed in u huis. U kan enige iets stuur om te verkoop. Stuur dit saam met u kind of kom laai dit af by die skool. Ons gaan die goed in die voorportaal van die saal en in die eerste Gr R klas ontvang. Ons sal dit opreg waardeer as u ons ondersteun met dit.

REËLINGS VIR 20 APRIL 2021

Die reëlings vir die dag gaan as volg wees: Grade 2,4,5 en LSEN vertrek om 09:00 vanaf die skool en sal om 11:00 terug wees by die skool, waarna hulle met gewone skool aktiwiteite aangaan. Grade R,1,3 en 6 vertrek om 11:00 en sal om 13:00 terug wees. Die Graad 7's gaan vanaf 09:00-13:00 daar wees. Die skool sal dan om **13:00** uit kom. Leerders gaan soontoe stap, aangesien dit baie naby is. Daar sal genoegsame toesig wees om die leerders se veiligheid te verseker.

Daar gaan heerlike lekkernye verkoop word en daar gaan ook kaskarrite, springkastele en perde-stapritte wees. Leerders moet dus sommer baie geld saambring. Maak ook seker dat u kind genoegsaam teen die son beskerm word. Besighede gaan die geleentheid gebied word om daardie dag uitstallings te hou. Die skool kan gekontak word vir verdere inligting.

Onderteken asseblief die afskeurstrokie. Ons kan ongelukkig nie toelaat dat u kind saamgaan indien u nie toestemming verleen nie.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof

Privaatsak X1
Rensburg
1439
Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: agvisser@worldonline.co.za
www.agvisser.co.za

AFSKEURSTROKIE: OMSENDBRIEF 2021-3

Ek, ouer / voog van _____ in Graad _____ gee toestemming dat my kind die uitstappie mag meemaak op 20 April 2021. Ek is bewus daarvan dat die leerders soontoe en terug gaan stap. Ek is ook bewus daarvan dat die skool om 13:00 op daardie dag gaan uitkom.

Ek verskaf 'n kontaknommer waar ek bereik kan word.

Mediese besonderhede:

Mediese fonds: _____

Mediese fonds nommer: _____

Dokter se naam: _____

Dokter se kontakbesonderhede: _____

_____ _____

Ouer se handtekening **Kontaknommer**